basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) | |
| AFDELING B: | Drama | (35) | |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) | Doen AL TWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het. |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) | Doen AL TWEE gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het. |

   Kies die TWEE afdelings wat jy behandel het.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het, aan.

5. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

9. Antwoorde moet in Standaardafrikaans beantwoord word en nie in ŉ ander taal nie.

10. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou met jou keuses en die getal vrae te help.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | 8 |
| **OF** | | | |
| 3. *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 | 12 |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. *Poppie – die drama* | Kontekstuele vraag | 35 | 16 |
| **OF** | | | |
| 5. *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | 20 |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord AL TWEE vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. Die storie van Piet se oupa | Kontekstuele vraag | 18 | 24 |
| **EN** | | | |
| Die pakkie | Kontekstuele vraag | 17 | 26 |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord AL TWEE vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. Thumela | Kontekstuele vraag | 17 | 28 |
| **EN** | | | |
| Die hanswors | Kontekstuele vraag | 18 | 30 |

**KONTROLELYS**

**Kandidate moet die kontrolelys gebruik om te verseker dat die voldoende getal vrae beantwoord is.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| **A: Roman** | 1–3 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **B: Drama** | 4–5 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **C: Kortverhale** | 6 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **D: Gedigte** | 7 | 1 | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy slegs vrae oor TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

### *KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hy was amper twee jaar by MacDonald in die skuur toe Kate die Sondag met die eerste gerug van die goud by die skuur aankom.
>
> "Het jy geweet daar is goud in die Bos?"
>
> "Goud?" het hy gelag en gedink dit is weer een van haar baie stories wat sy so gereeld aangedra het.
>
> "Ja. Het jy dit geweet?"
>
> "Wie sê so?"
>
> "Mister Osborne. Hy het gisteraand by ons geëet."
>
> "Wie is mister Osborne?" Dit was ’n mooi dag. Jy kon amper sê ’n groen dag, want alles was groen tot onder by die water, net die varkore was kolle wit tussen die gras. Dit het die vorige nag gereën en hy het hard gebid dat dit moes opklaar sodat sy vir hom kon kom kuier.
>
> "Mister Osborne maak vir die Kaapse Goewerment paaie en hy weet alles van goud af. Hy het in Kalifornië met goud te doen gehad."
>
> "Vertel my die res van die storie!" het hy haar aangepor.
>
> "Dis nie ’n storie, Saul! Jy dink ek jok."
>
> "Ja, ek dink jy jok sommer weer om my te terg."
>
> "Op my woord van eer, mister Osborne sê so. Die Knysna gaan die grootste kaai in die land kry, hy gaan die grootste hawe word."

1.1 Saul het uitgesien na Kate se besoek op Sondae. Noem TWEE voordele wat Kate se besoeke vir Saul ingehou het. (2)

1.2 Hoe het Jane Stewart vir Saul en Kate gehelp sodat hulle mekaar Sondae kon ontmoet? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.3) en die letter (A–D) neer, bv. 1.3 E.

Die eerste boek wat Kate vir Saul skuur toe gebring het, was ...

A oor gouddelwery.
B oor sterrestelsels.
C David Copperfield.
D Oliver Twist. (1)

1.4 Waarom was dit ironies dat Saul eerste aan die Bosmense gedink het, toe die stories oor goud begin loop het? (2)

1.5 Was dit vir MacDonald aanvaarbaar dat Kate en Saul sosiaal met mekaar kontak gehad het? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die antwoord neer.

Die Bosmense het Saul by MacDonald se werf daarvan beskuldig dat hy ŉ (spioen/lafaard) is. (1)

1.7 Hoekom was Saul bekommerd toe hy gehoor het hoe MacDonald en ander dorpsmense oor die goud gepraat het? (1)

1.8 Hoekom wou Saul baie graag met die Bosmense praat toe hy van die goud gehoor het? (1)

1.9 Saul het ŉ paar keer met die Bosmense oor die goud probeer praat.

1.9.1 Waarom het die Bosmense nie daarin belanggestel om na Saul te luister nie? (1)

1.9.2 Hoe het Saul gevoel toe die Bosmense nie in die goud in die Bos belanggestel het nie? (1)

1.10 Saul wou aan die einde van die verhaal sy rykdom tot voordeel van die Bos gebruik.

Kon hierdie plan van Saul vir Jozef help? Motiveer jou antwoord. (1)

1.11 Kate en haar pa se houding teenoor die Bos het verskil.

1.11.1 Wat was Kate se houding teenoor die Bos? (1)

1.11.2 Wat was MacDonald se houding teenoor die Bos? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Drie maande later, toe hy oortuig was dat die goud ook maar net weer ŉ droom was, het MacDonald hom een middag onder op die kaai laat roep.

Dit was ŉ Maandag. Daar het ŉ vreemde man by hom in die kantoor gesit.

"Dit is mister Patterson," het MacDonald hom ingelig. "Hy verstaan nie kitchen Dutch nie, hy kom van oorsee af. Hy wil ŉ paar dae lank Bos toe gaan om die loeries te bestudeer en hy soek iemand om met hom saam te gaan." Saul het geweet MacDonald sit en lieg. Ná twee jaar in sy skuur het hy MacDonald se liegstem goed geken. "Aangesien mister Patterson my gas is, het ek gesê ek sal jou met hom saamstuur omdat jy die Bos ken." Hy het ŉ kaart van die Bos, een wat ons by mister Harison gekry het.

***

"Die beste plek vir loeries is in Kom-se-Bos."

"Mister Patterson sal self sê waar hy geneem wil wees," het MacDonald ergerlik wal gegooi. "Sorg jy maar net dat hy veilig daar kom en weer veilig terugkom ook. Ek sal vir julle kos vir twee weke laat inpak. As hy langer wil bly, kom haal jy nog. En jy los hom nie alleen en foeter na die houtkappers toe nie!"

Kopiereg voorbehou

1.12 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.12) en die antwoord neer.

MacDonald het vir Patterson ŉ (deel van die goudwins/vennootskap in sy maatskappy) belowe as hy die rifgoud gekry het. (1)

1.13 Wat moes Saul in opdrag van MacDonald in die Bos doen om vir Patterson te help? (1)

1.14 Hoekom het MacDonald juis vir Saul saam met Patterson Bos toe gestuur? (1)

1.15 "Hy verstaan nie kitchen Dutch nie." (Reël 4–5)

Waarna verwys "kitchen Dutch" in hierdie uittreksel? (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.16) en die letter (A–D) neer, bv. 1.16 E.

Patterson het uiteindelik vir Saul vertel dat hy in Australië ook ... gedoen het.

A padwerke
B voëlstudies
C geologie
D prospekteerwerk (1)

1.17 Gee TWEE redes waarom Patterson bang was in die Bos. (2)

1.18 Het Saul reg opgetree deur Patterson in die Bos te hou terwyl hy so bang was? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.19 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (1.19.1–1.19.4) en die letter (A–E) neer, bv. 1.19.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | ... het die gouddelwers se besittings gedra. | A | Peter Crompton |
| 1.19.2 | ... het Saul se eerste goud by hom gekoop. | B | Hans Oukas |
| 1.19.3 | ... was die Australiese gouddelwer wat ŉ groot vriend van Saul geword het. | C | Saul |
| | | D | Barkley |
| 1.19.4 | ... het sy goud in ŉ kwar weggesteek en later gaan haal. | E | Stopforth |

(4 x 1) (4)

1.20 Op watter voorwaarde sou Saul vir Patterson uit die Bos help? (1)

1.21 Simpatiseer jy met Patterson as jy aan sy tyd saam met Saul in die Bos dink? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)


EASTERN CAPE

1.22 Waarom is Patterson se beskrywing van die gouddelwers as **vlieë** gepas? (1)

1.23 In watter deel van die Knysnabos was daar soveel gouddelwers dat daar later ŉ dorpie was? (1)

1.24 Saul het MacDonald se diens verlaat en Swellendam toe gegaan. Swellendam het ŉ positiewe uitwerking op Saul se lewe gehad.

Noem DRIE feite om hierdie stelling te motiveer. (3)

1.25 Dink jy Saul het aan die einde van die roman die regte keuse gemaak deur terug te gaan Knysna toe? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

... "Yann, gaan help jy jou pa om die bagasie af te laai, dan raak die res van ons gou van die ergste stof ontslae."

"Hoekom moet ék help afstof" vra ek. "Is dit nie ŉ bietjie seksisties nie?"

"Ag, ou Hanna Hoekom," sug Mana en begin die vloer met mening vee, "soms is dit makliker om prakties te wees as om polities korrek te wees."

"Is hier dan nie ŉ stofsuier nie?" vra Tibo.

"Hier's nie elektrisiteit nie," herinner Mana hom. "Gaan kry jy en Amos elk ŉ lap in die kombuiskas. Maak dit klam – nie nat nie, net klam – en dan vee julle al die meubels af."

"Watse meubels?" mompel Yann, nies weer ŉ slag en vlug by die voordeur uit.

"O ja." Tibo knik sy kop verslae, asof die volle omvang van die katastrofe hom nou eers tref. "Hier's nie elektrisiteit nie."

My enigste troos is dat Fabienne volgende naweek opdaag. Kyk hoe verspreek ek my nou. Ek wou eintlik sê my enigste troos is dat Sharon volgende naweek opdaag.

Haar pa kom haar aflaai met sy splinternuwe 4x4. Die slegte pad sal nie vir hulle ŉ probleem wees nie. Met so ŉ voertuig sal dit miskien selfs ŉ avontuur wees.

2.1 Hoekom het Mana die wittebroodvakansie vir die hele gesin beplan? (1)

2.2 Was dit ŉ goeie idee dat die aangelapte gesin saam wittebrood sou hou? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

2.3 Noem DRIE redes waarom die rit na Botterberg as ŉ "nagmerrierit" beskryf is. (3)

2.4 "Is dit nie ŉ bietjie seksisties nie?" (Reël 3)

2.4.1 Verduidelik die seksisme wat hier genoem word. (1)

2.4.2 Gee TWEE APARTE voorbeelde uit die verhaal om aan te dui dat Mana nie van seksistiese stereotipering gehou het nie. (2)

2.5 "Ag, ou Hanna Hoekom," sug Mana. (Reël 4)

2.5.1 Wat was die eerste woord wat Hanna as baba gesê het? (1)

2.5.2 Hoekom behoort Hanna haar bynaam as ŉ kompliment te beskou? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

2.6 Waarom was dit nie vir Yann goed om te help met huis skoonmaak nie? (1)

2.7 Daar was nie elektrisiteit nie; daarom het die gesin saans dinge saam gedoen. Noem TWEE aktiwiteite wat hulle in die aande saam gedoen het. (2)

2.8 Kies elke keer die genre/tipe skryfwerk uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (2.8.1–2.8.4) en die letter (A–E) neer, bv. 2.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.8.1 | dis die muur<br>dis die donkerste uur<br>Dis al | A | outobiografie |
| | | B | gedig |
| 2.8.2 | *Liewe leser.* Dis hoe ek **my lewensverhaal** wou begin. | C | sielkundige riller |
| | | D | liefdesverhaal |
| 2.8.3 | Nooit! Roep Jan uit. Hy sal haar nooit vergeet nie! | E | reisverhaal |
| 2.8.4 | Die swerfjare van Fabienne Fourie. | | |

(4 x 1) (4)

2.9 Fabienne is een van die karakters wat die leser in hierdie roman leer ken.

2.9.1 Wie was Fabienne?
Voltooi die sin: Fabienne was Hanna se ... (TWEE woorde) (1)

2.9.2 Waarom het Hanna hierdie karakter vir haarself geskep? (1)

2.10 Daar was ooreenkomste tussen Sharon en Fabienne se lewens.
Hoe het hulle finansiële situasie ooreengekom? (1)

2.11 Noem TWEE verskille tussen Hanna en Fabienne se gesinstrukture **voordat** Ditjie gebore is. (2)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> ... Maar van daardie dag af gee Jan tog meer aandag aan Anna. As Jan en Fabienne saans uitgaan, nooi hy vir Anna saam. En geleidelik, vreeslik geleidelik (dit sal ŉ vreeslike lang vakansie moet wees), begin Anna besef dat Jan haar geselskap bo Fabienne s'n verkies. Sy sê vir haarself dit moet wensdenkery wees. Hoe is dit móóntlik dat iemand soos Jan vir iemand soos Hanna, ek bedoel Anna, sou wou hê as hy iemand soos Fabienne kan kry?
>
> En dan, een aand op die maanverligte strand, gooi Fabienne ŉ tantrum oor Anna alewig saam met hulle is.
>
> "Maar sy's jou beste vriendin," sê Jan kamma onskuldig. "Wil jy nie saam met haar wees nie?"
>
> Nee, sê Fabienne, soms wil sy alleen saam met Jan wees! En sy sou dink dat Jan soms ook alleen saam met háár wou wees!
>
> "Wel," sê Jan vir Fabienne, "as jy ons geselskap so ondraaglik vind, sal ons jou verskoon."
>
> Fabienne word wit van woede en storm weg oor die strand. Anna wil opspring en agterna hardloop, maar Jan vat haar hand en trek haar nader en omhels haar. Hartstogtelik.
>
> Vir hierdie deel sal ek ŉ bietjie navorsing moet doen. Ek bedoel nou om ŉ hartstogtelike omhelsing te beskryf ...

2.12 In die uittreksel lees ons van die twee karakters, Jan en Anna.

Op watter karakters in *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* is hulle gebaseer? (2)

2.13 Hoekom het Hanna besluit om Fabienne se verhaal in ŉ liefdesverhaal te verander? (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.14) en die antwoord neer.

In Hanna se verhaal het Jan vir Anna die eerste keer werklik raakgesien toe Anna (mond-tot-mond-asemhaling op hom toegepas het/ŉ mooi storie vir hom gelees het). (1)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.15) en die letter (A–D) neer, bv. 2.15 E.

Later het Hanna besluit om die liefdesverhaal in die uittreksel ongelukkig te laat eindig. Aan die einde ly … aan ŉ ongeneeslike siekte.

A Anna
B Anouchka
C Fabienne
D Jan (1)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.16) en die letter (A–D) neer, bv. 2.16 E.

In die ongelukkige einde is Anna ŉ ...

A onderwyser.
B skrywer.
C kunstenares.
D aktrise. (1)

2.17 Hanna se houding teenoor Yann het in die loop van die roman verander.

2.17.1 Wat was Hanna se houding teenoor Yann **aan die begin** van die roman? (1)

2.17.2 Hoe het Hanna se houding teenoor Yann **ná die konsert** verander? (1)

2.18 Hanna weet nog nie eintlik hoe dit is om ŉ kêrel te hê nie.

Stem jy saam met hierdie stelling? Verduidelik jou antwoord. (1)

2.19 Die titel van die laaste hoofstuk in die boek is "Vaarwel, fabelagtige Fabienne".

2.19.1 Hoekom, dink jy, kon Hanna aan die einde van die verhaal van Fabienne afskeid neem? (1)

2.19.2 Watter besluit het Hanna aan die einde van die verhaal geneem om te bevestig dat sy van Fabienne afskeid geneem het? (1)

2.20 Het jy van hierdie roman gehou? Verduidelik jou antwoord. (1)

2.21 Hoe het die skrywer daarin geslaag om saamgestelde gesinne in ŉ positiewe lig te stel? (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

## *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

... Daar is ŉ geraamde foto op die bedkassie van Attie en Daniel en ŉ vrou, wat laggend op ŉ hoë rots sit. Sy ma? wonder Ryna, en die gesig bly haar by tot nadat sy die bedlampie afgeskakel het.

Sy is moeg. Maar in die oomblikke tussen diepslaap en droom, kom die bekende beelde weer.

Sy hardloop waansinnig deur die brandende huis, waar vlamme die laaste paar foto's op die kaggelrak laat opkrul ...

***

... En toe eers sien sy hoe hy lyk: gestreepte baadjie, blou roset, rooi strikdas en die cheese-cutter op die kop.

"Heiden liewe land, Attie, gaan jy Kaapse Klopse toe?"

"Ma kan ook niks waardeer nie," vat hy haar van agter om die lyf en druk haar vas, terwyl sy met die lepel roer.

"En Fred se groot gevreet lê nou al glad tot onder die melkbottels."

"Wat is Ma so omgekrap?" wil hy weet.

"Wat te erg is, is te erg."

"Ag, bedaar, Ma."

"Ja, bedaar, bedaar. Maar jy weet hoe ek oor hulle voel. Sit Sondag in die voorste gestoeltes en Maandag moet hulle geld hulle sonnes toesmeer ..."

"... en sorg vir die baai se brood en botter, met jam op myne. Ek kan nie kla nie, dankie." ...

3.1 Ryna het met die bus Salamanderbaai toe gekom.

In watter kliniek was Ryna net voordat sy Salamanderbaai toe gekom het? (1)

3.2 Wat het Daniel vir Ryna oor die malgasse op Meeuland vertel toe sy in Salamanderbaai aangekom het? (1)

3.3 "... Maandag moet hulle **geld** hulle **sonnes** toesmeer ..." (Reël 18)

Wat het ant Hansie met die vetgedrukte woorde bedoel toe sy na Fred Blanckenberg verwys het? (2)

3.4 Waarom het Ryna dadelik ŉ sagte plekkie vir Daniel gehad? (1)

3.5 Wat het ant Hansie vir Ryna aan die begin van die verhaal genoem? (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.6) en die antwoord neer.

Ryna het van die eerste ontmoeting af vir ant Hansie as ŉ (warm/koue) mens beleef. (1)

3.7 Hoekom, dink jy, het Ryna nog soveel nagmerries oor Ronnie gekry? (1)

3.8 Watter DRIE dinge sal Ryna altyd oor haar man en seun se dood onthou? (3)

3.9 Attie het vir ant Hansie gesê: "… en sorg vir die baai se brood en botter" (Reël 19)

Wat het Attie met hierdie woorde oor Fred gesê? (1)

3.10 Hoekom het Ryna nie haar regte naam, Camilla Calvin, in Salamanderbaai gebruik nie? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

... Dis Jannerik.

Sy kyk verras na hom. "Dankie. Daniel stuur vir jou groete. En Doreen ook," onthou sy.

"Dankie, juffrou."

Sy kyk weer uit oor die see en ŉ vaal verlange omvou haar. ŉ Paar duikers duik laag en kom sit op die rotse wat die eiland omring.

"Op hierie eiland, juffrou, kyk mens ver vooruit. Ver agteruit ook," praat hy haar gedagtes uit haar kop uit. Sy kyk hom aan. Sy ou geplooide gesig is die ene wyse alwetendheid.

Die aantreklike, jong vrou wat oor die houtbrug aangeloop kom, is swanger. Haar rooibruin hare hang los oor haar skouers. Hoe hou so ŉ vrou dit onder so ŉ man uit?

"Mevrou," sê Jannerik dadelik, "die man is ŉ meisiekind."

"Ek sien so. Ek is Elsabet Langhans. Aangename kennis." Haar oë is ŉ eienaardige groen kleur. Sy lyk nie opgewonde oor die besoeker nie.

Sy kyk verby Ryna na Jannerik. "Vat die groente solank kombuis toe."

Maar Jannerik bly staan. "En waarheen met die juffrou se goedjies?"

Elsabet kyk na Ryna se bietjie bagasie. "Is dit al? Ons sal dit self bring."

Jannerik tel die krat groente op en stap daarmee oor die houtbrug.

Elsabet skud haar hare agtertoe. "MacDonald van die kantoor het gister laat weet dat iemand op pad is. Ons het nog nie die ander huis reggemaak nie."

3.11 Die Departement van Seevisserye het Ryna Meeuland toe gestuur.

Noem TWEE take wat Ryna as deel van haar werk moes doen. (2)

3.12 Attie was seker dat Jacob vir Ryna goed sou wees op Meeuland.

Waarom is hierdie stelling verkeerd? (1)

3.13 Hoekom het Jacob besluit om op Meeuland te gaan bly, weg van die Blanckenbergs af? (1)

Kopiereg voorbehou 
EASTERN CAPE

3.14 Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (3.14.1–3.14.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.14.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.14.1 | ... het Meeuland as 'n tronk beleef. | A | Jacob |
| 3.14.2 | ... het Meeuland as die ideale plek gesien om 'n kind groot te maak. | B | Elsabet |
| 3.14.3 | ... het Meeuland as God se plekkie beleef. | C | Jannerik |
| 3.14.4 | ... het op Meeuland begin bome plant om die pyn van die lewe daarin te sien weggroei. | D | Attie |
| | | E | Ryna |

(4 x 1) (4)

3.15 Jacob was ontsteld oor die persoon wat op Meeuland sou kom werk.

Noem TWEE redes waarom Jacob so ontsteld was. (2)

3.16 Daar was 'n kontras in die houding waarop Jacob en Jannerik vir Ryna op die eiland ontvang het.

3.16.1 Wat was Jacob se houding teenoor Ryna toe sy aangekom het? (1)

3.16.2 Wat was Jannerik se houding teenoor Ryna toe sy aangekom het? (1)

3.17 Elsabet se baba sou op Meeuland gebore word.

Hoe het Elsabet hieroor gevoel? (1)

3.18 Wat het in Jannerik se verlede gebeur wat hom Meeuland toe gedryf het? (1)

3.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.19) en die letter (A–D) neer, bv. 3.19 E.

"Op hierie eiland, juffrou, kyk mens ver vooruit. Ver agteruit ook," … (Reël 7)

Met hierdie woorde van Jannerik voorspel hy dat die eiland 'n plek was wat jou … geleer het.

A aanvaarding
B opwinding
C ongelukkigheid
D seerkry (1)

3.20 Elsabet was nie 'n goeie gasvrou toe Ryna op die eiland aangekom het nie. Waarom is hierdie stelling korrek? (1)

3.21 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.21) en die letter (A–D) neer, bv. 3.21 E.

Jannerik het besluit dat Ryna ook ŉ CB-naam moes kry en het haar … genoem.

A Twilight
B Duiker
C Mama-Meeu
D Geelbek (1)

3.22 Dink jy dit was reg dat Attie op Meeuland wou kom bly, net omdat Ryna daar was? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

3.23 Jacob het vir Ryna gevra of sy op Meeuland vir ŉ kêrel kom wegkruip het.

Hoekom was dit verkeerd van Jacob om hierdie vraag aan Ryna te vra? Gee TWEE redes. (2)

3.24 Dink jy Elsabet was ŉ goeie vrou vir Jacob? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

3.25 Ryna se tyd op Meeuland was vir haar ŉ positiewe ervaring. Sê hoekom jy met hierdie stelling saamstem. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Spelers bou trein met trommels. Mimiek: stadige geskommel in trein.*

POPPIE. So ŉ stadige trein het ek nog nooit gesien nie. Toe was daai wêreld nou vir my baie vreemd, want ek het nog nooit daardie soort wêreld gesien nie. Die vreemdste was die baie berge.
MOSIE. Teen sononder van die vierde dag het hulle by Sterkspruit aangekom en oorgeklim op die bus na Herschel.

*Spelers bou ŉ bus. Mimiek: oppak van bagasie.*

POPPIE. *(bekyk die bus).* Die bus was vir my te snaaks … dit het gelyk soos ŉ ou lorrie.
STONE. Kom, Poppie ... die bus hy wag nie.

*Poppie en Stone gaan sit half bo-op rooi komberse.*
POPPIE. Ek het bietjie sleg gesit, want ek het met mense gesit wat rooi komberse omgehad het, en dis die eerste keer dat ek hulle sien … en nou moet ek langs hulle sit!
STONE. Die son het anderkant die berge begin sak en die berge het lang skaduwees gegooi. Daar doer in die berge sien Poppie ŉ liggie.
POPPIE. Wat is dan daai?
STONE. Dis ŉ huis.
POPPIE. Wat soek ŉ huis in ŉ berg?
STONE. Daar's mos mense wat daar bly.

*Reaksie van Poppie na gehoor: mense in ŉ berg?!*

STONE. Toe ons by my ouers se huis aankom, was almal daar.

4.1 Waar sou Poppie en Stone ná die besoek in Herschel gaan bly het? (1)

4.2 Stone se bynaam was Klip.

4.2.1 Hoekom het die ander karakters vir Stone hierdie bynaam gegee? (1)

4.2.2 Watter karaktertrek assosieer jy met ŉ persoon wat die bynaam, Klip, het? (1)

4.3 Gee EEN rede hoekom Poppie aan die begin nie in Stone belanggestel het nie. (1)

4.4 Al het Poppie aan die begin nie in Stone belanggestel nie, het hy haar later beïndruk.

Wat in Stone se voorkoms het haar later beïndruk? (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.5.1 en 4.5.2) en die antwoord neer.

Poppie en Stone se verhouding het begin nadat hulle (4.5.1) (liefdesbriewe vir mekaar geskryf het/mekaar vir die eerste keer by die fabriek gesien het). Poppie se ma het met Stone se lobola-geld baie trougoed gekoop, maar nie ŉ (4.5.2) (tafel/bed) nie. (2)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die letter (A–D) neer, bv. 4.6 E.

Tydens haar besoek aan Herschel het Poppie geleer hoe om ... te maak.

A suurpap
B poeding
C braaivleis
D stampmielies (1)

4.7 Die ou mense het tydens Poppie se troue droewig gehuil.

4.7.1 Hoekom het die ou mense so droewig gehuil? Gee TWEE redes. (2)

4.7.2 Sê nou Poppie het nie met ŉ Xhosa-man getrou nie. Hoe sou haar lewe dan verloop het? Verwys in jou antwoord net na waar sy sou kon bly. (1)

4.8 Die reis na Herschel was een van baie reise wat Poppie moes onderneem. Noem enige DRIE ANDER reise wat Poppie onderneem het waar sy nie ŉ keuse gehad het nie.

Noem telkens WAARVANDAAN en WAARHEEN sy gereis het.
Beantwoord só:
- Van ... na ...
- Van ... na ...
- Van ... na ... (3)

4.9 Wat het Poppie gedoen om haar skoonmense se kultuur aan te leer? Gee EEN voorbeeld. (1)

4.10 Noem EEN karaktereienskap van Poppie wat die leser uit haar optrede teenoor haar skoonfamilie kon aflei. (1)

4.11 Hoe het Poppie gevoel toe sy haar skoonfamilie die eerste keer ontmoet het? (1)

4.12 Poppie het innerlike konflik beleef oor haar verblyf in Herschel. Motiveer hierdie stelling. (2)

4.13 "*Spelers bou trein met trommels. Mimiek: stadige geskommel in trein.*" (Reël 1)
"*Spelers bou 'n bus. Mimiek: oppak van bagasie.*" (Reël 7)

4.13.1 Waarom is hierdie woorde in die drama skuinsgedruk/kursief? (1)

4.13.2 Hoekom is dit funksioneel om trommels op die verhoog te gebruik om 'n trein voor te stel? (1)

4.13.3 Hoe simboliseer die oppak van die bagasie Poppie se lewe? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

POPPIE *(aan Mama)*. En Ouma ... en my kindjie se graftes? Wie sal vir hulle versorg?
MAMA. Waar gaan ons huis kry? *(Ad lib.)*

*Almal "vries". Luister na stem oor megafoon.*

STEM. Die mans kan aanbly, maar die vrouens en kinders wat leeglê, moet weggaan na waarvandaan hulle gekom het of by ander plekke gaan werk soek.
HOEDJIE. Toe word die huise aan die brand gesteek deur die munisipaliteit. Die poeliesse het eers die goed uit die huis uit gedra. Dan gee hulle die deur so 'n skop na binnetoe en dan word die mêtjie getrek.
MOSIE. Die kinders en almal staan en kyk na die goed wat uitgedra is en na die huis wat brand. *(Die hele groep kyk na 'n huis wat brand.)*
POPPIE. Toe die wet nou sterk word dat die Xhosa-mense moet uitgeroei word uit die dorpe uit, toe hulle nou baie gebrand het daar by Lambertsbaai, toe het ons ook maar begin dink aan weggaan.
STEM. Daar word op die vlakte by die Kaap 'n spesiale dorp vir die Bantoe-mense gebou, wat hulle Nyanga roep. Daarnatoe moet julle gaan.
STONE. Poppie se mama en bhuti Mbatane en Hoedjie en Plank en Mosie het in 1955 weggegaan.
*Die familie draai na Poppie en Stone. Hulle waai, beweeg stadig na agter toe. Gaan staan met rûe na gehoor. Poppie en Stone bly voor.*

4.14 Watter kultuurgroep moes uit Lambertsbaai weggaan? (1)

4.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.15) en die letter (A–D) neer, bv. 4.15 E.

Die vrouens kon aanbly as hulle mans 'n ... gehad het.

A huis
B motor
C werk
D telefoon (1)


EASTERN CAPE

4.16 Kies elke keer 'n karakter uit KOLOM B om die inligting in KOLOM A korrek te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.16.1–4.16.4) en die letter (A–E) neer, bv. 4.16.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.16.1 | Poppie was ongelukkig dat ... 'n meisie swanger gemaak het. | A | Plank |
| | | B | Jakkie |
| 4.16.2 | Poppie was hartseer toe … onverwags dood is. | C | Bonsile |
| 4.16.3 | Dit was vir Poppie erg dat … te veel gedrink het. | D | Mosie |
| | | E | Vukile |
| 4.16.4 | Poppie was bekommerd oor … se betrokkenheid by die jeug se opstande. | | |

(4 x 1) (4)

4.17 "HOEDJIE. Toe word die huise aan die brand gesteek deur die munisipaliteit." (Reël 7)

4.17.1 Om watter rede het die polisie die huise aan die brand gesteek? (1)

4.17.2 Was dit reg dat die polisie die huise afgebrand het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.18 Hoekom het Poppie en Stone nie dadelik saam met die res van die gesin uit Lambertsbaai getrek nie? (1)

4.19 Die kinders het later, net soos die polisie, plekke afgebrand.

Noem TWEE publieke plekke wat hulle gereeld afgebrand het. (2)

4.20 Was jy tevrede met die einde van hierdie drama? Motiveer jou antwoord. (1)

4.21 Dink jy dit is belangrik dat leerders moet weet van Poppie en haar probleme? Motiveer jou antwoord. (1)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

## *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Later Hendrik wat heen en weer op die stasie rondloop en roep.
>
> 67. Hendrik se motor hou stotterend en rokend op die plek stil waar dit vroeër onklaar geraak het. Hy klim uit. Staan en rondkyk. ’n Bietjie verlore. Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper ’n dierlike geluid.
>
> HENDRIK: W-i-l-l-e-m ...!
>
> ***
>
> NAR (*uiteindelik):* O.K., jy wil nie vandag lag nie. Dis O.K. *(Die kind kyk weg.)* Wat is dit wat pla? *(Die kind skud sy kop.)* Jy kan maar vir my vertel. Ek sal vir niemand sê nie. *(Die kind sit net voor hom en kyk.)* Wil jy vir my skryf? *(Hy hou ’n potlood na Willem toe.)* Tóé, skryf. *(Daar begin nou trane oor Willem se wange loop, maar sy gesig bly uitdrukkingsloos.)* Nee-nee-nee-nee-nee-nee. Nie trane nie. Die lewe is te kort vir trane. Ons speel liewer. Speel is altyd beter as trane. Altyd. *(Die nar voel in sy sakke rond en haal ’n grimeerpotlood uit. Hy verf twee groot boë bokant Willem se oë.)* Kom. Kom ons teken iets. *(Hy soek in sy broeksak en haal ’n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond.)* Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken ’n nuwe Willem.

5.1 Waarom het die McDonalds die dag waarop Willem weggeloop het, dorp toe gegaan? Gee TWEE redes. (2)

5.2 Wie het agtergekom dat Willem weg was? (1)

5.3 Willem het gehuil (reël 9) omdat sy ouers baklei het.

Noem TWEE materiële dinge waaroor Hendrik en Katrien baklei het. (2)

5.4 "Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper ’n dierlike geluid.
HENDRIK: W-i-l-l-e-m …!" (Reël 4–5)

Watter gevoel het Hendrik ervaar toe hy amper dierlik skree? (1)

5.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.5.1 en 5.5.2) en die antwoord neer.

Willem het by Manuel geleer hoe om (5.5.1) (toertjies te doen/messe te gooi). Manuel het in die ou (5.5.2) (huis/skuur) gebly waar Willem altyd vir hom kos gebring het. (2)

5.6 Waarom het Katrien vir Hendrik gesê dat ’n vrou nie ’n kar is nie? Verwys in jou antwoord na vroue en karre. (2)

5.7 "NAR (*uiteindelik*): O.K., jy wil nie vandag lag nie. Dis O.K." (Reël 6)

Hoe het die nar dit gewoonlik reggekry om Willem te laat lag? Noem TWEE dinge. (2)



EASTERN CAPE

5.8 "Die lewe is te kort vir trane." (Reël 11)

5.8.1 Wat het Manuel met hierdie woorde vir Willem oor die lewe probeer leer? (1)

5.8.2 Wat het hierdie woorde (reël 11) van Manuel as mens gesê? (1)

5.9 Willem wou glad nie huis toe gaan nie.

Wat het die nar gesê om Willem te oorreed om uiteindelik huis toe te gaan? (1)

5.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.10) en die letter (A–D) neer, bv. 5.10 E.

Hendrik was so moedeloos toe hy nie vir Willem gekry het nie dat hy die ... se hulp ingeroep het.

A dominee
B bure
C polisie
D nar (1)

5.11 Willem het nie gepraat nie.

Hoe het hierdie probleem die verhouding tussen Hendrik en Katrien negatief beïnvloed? Noem EEN ding. (1)

5.12 Hendrik en Manuel se optrede teenoor Willem het verskil.

5.12.1 Hoe het Hendrik Willem se spraakprobleem hanteer? (1)

5.12.2 Hoe het Manuel Willem weer laat praat? (1)

5.13 Kies elke keer ŉ karakter uit KOLOM B om die inligting in KOLOM A korrek te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.13.1–5.13.4) en die letter (A–E) neer, bv. 5.13.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.13.1 ... het Willem op die divan gekry. | A Katrien |
| 5.13.2 ... het gehuil toe Willem gevind is. | B Manuel |
| 5.13.3 ... het vir Willem ŉ musiekinstrument gegee. | C Hendrik |
| 5.13.4 ... het vir Willem ŉ narrepak gemaak. | D Nollie |
| | E Emma |

(4 x 1) (4)

5.14 Manuel was 'n ruk lank deel van Willem se lewe en is toe geskiet.

Hoe het die McDonalds Manuel gehelp nadat hy geskiet is? Gee DRIE feite. (3)

5.15 Het jy verwag dat Hendrik vir Manuel sou aanvaar en help? Motiveer jou antwoord. (1)

5.16 Manuel se paljas het die hele McDonald-gesin verander.

Bespreek die nuwe Emma. Gee TWEE feite. (2)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Stikdonkerte en doodse stilte. Dan word 'n lig aangesteek en Hendrik staan in die voorkamer met 'n lantern in die hand en sy baadjie oor sy arm. Sy gesig is vuil, sy hemp geskeur en sy strikdassie hang los.

Katrien is agter hom. Haar hare het losgekom. Haar rok is vol eier.

Dan kom Emma en Willem. Dis duidelik Emma het gehuil.

Nollie kom laaste binne. Emma gaan sit moeg in 'n stoel. Nollie gaan sit op die leuning langs haar en sit sy hand op haar kop.

Katrien gaan leun met haar hande op die buffet. Sy staan net vir haar hande en kyk. Dis duidelik almal is nog stom van skok.

Hendrik hang sy baadjie aan die kapstok.

KATRIEN *(draai om en mik vir die middeldeur)*: Nag, almal.
HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?
KATRIEN: Ek gaan slaap.
HENDRIK: Nee.
KATRIEN: Wat dan?
HENDRIK: Ons ... kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons 'n plaat. Ons was ons en ons trek ons aan en – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.
EMMA: ... Ek moet wat doen?
HENDRIK: Jy't gehoor wat ek gesê het.
EMMA: Ek moet my loop mooimaak? Om te wat?

5.17 "Dis duidelik almal is nog stom van skok." (Reël 9)

Dit is verstaanbaar dat die McDonalds so geskok was oor die aand se gebeure. Gee 'n motivering vir hierdie stelling. (1)

5.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.18) en die letter (A–D) neer, bv. 5.18 E.

Emma was ... toe haar pa vir haar gesê het om haar te gaan mooimaak.

A ongelukkig
B hartseer
C woedend
D teleurgesteld (1)

5.19 Emma het gesê dat Hendrik aanmekaar oor onbelangrike dinge gepraat het.

Hoe het Hendrik homself regverdig toe Emma dit gesê het? (1)

5.20 Hoekom het die dorpsmense later op die McDonalds se werf aangekom? (1)

5.21 Hendrik en Katrien se verhouding was aan die einde van die drama beter as aan die begin.

Hoe het hulle **optrede teenoor mekaar** by die partytjie in hulle huis hierdie stelling ondersteun? Gee TWEE feite. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**


EASTERN CAPE

## AFDELING C: KORTVERHALE

***STORIEJOERNAAL***

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE KORTVERHALE.**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### DIE STORIE VAN PIET SE OUPA – Abraham H de Vries

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Oupa, sit Oupa in die hoek, dan kan Oupa mooi sien, hier kom partymaal ryk vrouens ook ..." spot Trudie nog en sy skuif die bord kos ŉ bietjie weg dat Oupa kan inskuif sonder dat sy baadjiepante in die sous hang.
>
> Of dit die lopery was en of iets in die oggend se hoofpynpoeiertjie nie geakkordeer het met die doppie brandewyn nie, dit sal niemand ooit weet nie. Oupa het sy servet netjies oor sy onderbaadjie gehaak. Toe hy die eerste tjoppie sny, het hy nog gesê: "Aitsa, nogal nie min nie!" Maar net toe hy die eerste happie in sy mond steek, toe skuif hy só saggies van die stoel af dat Trudie, wat weggekyk het, vra: "Waar's Oupa nou?" ...
>
> ŉ Matrone skrik nie maklik vir ŉ floutetjie nie, maar dit moet die manier gewees het waarop Oupa lê wat Trudie laat skrik het. Gelukkig maar, net toe Doon die tafel wegskuif, toe staan ŉ ander verpleegster langs hom wat hulp in sulke tye van nood goed geken het. Dis sy wat toe haastig alles wat sy weet, probeer: druk en voel en pomp op sy bors en kyk op die horlosietjie wat voor haar bors vasgegespe was. Tot sy later opkyk en vir Doon sê: "Miskien moet jy die eienaar gaan roep. Ons het Oupa verloor."

6.1 In die uittreksel hierbo is Oupa-hulle in ŉ restaurant.

Op watter dorp was hierdie restaurant? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.2) en die letter (A–D) neer, bv. 6.2 E.

Oupa-hulle het dorp toe gegaan om …

A ŉ dokter te gaan spreek.
B saam met vriende kaart te speel.
C rekeninge te gaan betaal.
D die weduwee te besoek. (1)

Kopiereg voorbehou

EASTERN CAPE

6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer, bv. 6.3 E.

Oupa het graag by verskillende weduwees gaan kuier en dit wys dat hy as mens ... was.

A sensitief
B romanties
C oneerlik
D ongeduldig (1)

6.4 Wat het Oupa se liefde vir vroue oor sy houding teenoor die lewe aangedui? (1)

6.5 Piet se pa, Matthys, het gesê dat Oupa onvolwasse was.

Motiveer Matthys se stelling met EEN voorbeeld van Oupa se optrede uit die kortverhaal. (1)

6.6 Waarom het Oupa graag by Doon-hulle gaan kuier? (1)

6.7 Noem EEN aktiwiteit wat Oupa en Doon saam gedoen het. (1)

6.8 "Ons het Oupa verloor." (Reël 16)

6.8.1 Wat het die verpleegster met hierdie woorde bedoel? (1)

6.8.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.8.2) en die antwoord neer.

Die verpleegster se woorde bevat 'n voorbeeld van (eufemisme/hiperbool). (1)

6.9 By die hospitaal het Oupa regop in die ambulans gesit. Die ambulansmanne was geskok.

Hoe het hulle optrede hierdie skok gewys? (2)

6.10 Kies elke keer die persoon uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het. Skryf net die vraagnommer (6.10.1–6.10.4) en die letter (A–E) neer, bv. 6.10.5 F

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.10.1 | "Dis waar, ek het op my horlosie gekyk toe ek hom hoor opstaan in die vrykamer!" | A | Matthys |
| | | B | Oupa |
| 6.10.2 | "… Wat is dit wat so gor?" | C | Trudie |
| 6.10.3 | "Hier by ons op die plaas wou Pa mos nie bly nie." | D | Doon |
| 6.10.4 | "… van die dood weet ek niks." | E | Weduwee |

(4 x 1) (4)

6.11 Watter tegniek gebruik die skrywer om spanning in die verhaal te bou? (1)

6.12 Watter gebeurtenis in hierdie humoristiese verhaal was vir jou die snaaksste? (1)

6.13 Watter lewensles kan ŉ mens uit hierdie verhaal leer? (1)

**EN**

**DIE PAKKIE – Leonard Koza**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Hou djou bek!" maak Pang hom stil.

"Daa' sal nie trouble gewies het nie maa' Esther het gerefuse ommie pakkie vi' my te gie toe ek haa' vra," verduidelik mevrou Filander.

"Esther is correct, wan' in dié biesagheid mag djy nie praat nie en daa's strict orders," verdedig Pang vir Esther.

"Sê my wat gebeu' as hulle vi' Esther vang?" wil sy weet.

"Aai, Mams, in dié biesagheid dink o's nooit negative nie, want die profit is great. Kyk net watte' soo't German Gemmie ry ek," spog Pang, "en kyk net watte' soo't kar ry Slang en hy is maa' net ŉ handlangertjie wat sy rounds by die skole doen. Hy maak omtrent ŉ duisend rand ŉ dag by die skole. Esther sal ŉ lekka profitjie gemaak het."

Toe sy dit hoor, klop mevrou Filander se hart byna in haar keel. Bang roep sy uit: "Esther, gie tog asseblief net die biesagheidsmense se pakkie. Ek lollie met pakkies nie. Ek is elke aand op my knieë."

Esther kom die vertrek binne. Die trane rol oor haar wange en sy hakkel: "M-m-mammie, ek het nie mee' die pakkie nie."

Pang en Slang kyk met groot oë na mekaar. Almal is doodstil toe daar ŉ geklop aan die deur is. Na ŉ tweede klop gaan die voordeur stadig oop en Miena maak haar verskyning.

6.14 Waarin was die pakkie waarna die titel verwys het, toegedraai? (1)

6.15 In watter woonbuurt speel hierdie verhaal af? (1)

6.16 Hoe beïnvloed die ruimte in die kortverhaal die taalgebruik van die karakters? (1)

6.17 Esther het die pakkie by die skool gekry.

6.17.1 Wie was die eerste persoon wat die pakkie kom soek het? (1)

6.17.2 Hoe het hierdie persoon wat die pakkie kom soek het, vir Sally gelyk? (1)

6.18 Het Esther reg opgetree deur te weier om die pakkie aan haar ma te gee? Verduidelik jou antwoord. (1)

6.19 Waarom is dit verkeerd om ŉ dwelmhandelaar te wees? Gee TWEE redes. (2)

6.20 Het Esther die waarheid gepraat toe sy gesê het sy het nie meer die pakkie nie? Motiveer jou antwoord. (1)

6.21 Pang was by Sally se voordeur.

6.21.1 Beskryf Sally se houding toe sy die voordeur vir Pang oopgemaak het. (1)

6.21.2 Hoe het Pang toe as gevolg van Sally se houding gevoel? (1)

6.22 Wat het veroorsaak dat Pang sagter teenoor Sally opgetree het? (1)

6.23 Wat het konflik tussen Pang en Slang in Sally se voorhuis veroorsaak? Noem EEN ding. (1)

6.24 Hoe het Miena se verskyning aan die einde van die verhaal gehelp om die spanning in die verhaal minder te maak? (1)

6.25 Watter eienskap van Slang is deur sy bynaam beklemtoon? (1)

6.26 Waarom is hierdie kortverhaal oor dwelmhandel baie relevant vir leerders? (1)

6.27 Wat, dink jy, sou Sally vir Esther gesê het nadat al die besoekers weg was? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSJOERNAAL***

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE GEDIGTE.**

### VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Thumela – Elmé Barnard**

tot siens meneer
het jy geskree
en vir oulaas gemaak ernstig
na ’n kennisgewingbord
met hordes sportaankondigings
en lyste eksamenroosters
wat jou nie meer kon raak
gestaar
jou boeksak toe
met ’n wilde tol
die lug ingeskiet
en ’n geskiedenisboek gepos
sodat die blaaie
verward
oor die verlate skoolvierkant saai
terwyl jy laggend
om ’n hoek verdwyn
gemaak geskok
het meneer weggedraai
maar ek het bly wonder
of dit vir jou
dan niks beteken

7.1 In watter plek speel hierdie gedig af? (1)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.2) en die antwoord neer.

Die titel 'Thumela' beteken (vrylaat/wegstuur). (1)

7.3 Haal ’n WOORD uit die gedig aan wat aandui dat die spreker nie weer voor die kennisgewingbord sou staan nie. (1)

7.4 Die leerder gaan die skool verlaat. Hoe het die leerder hieroor gevoel? (1)

7.5 Noem EEN optrede van hierdie leerder wat deur die spreker as negatief beskou kon word. (1)

7.6 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat aandui dat die skool ŉ bedrywige buitemuurse program aangebied het. (1)

7.7 Waarom maak die digter gebruik van woorde soos "ingeskiet" en "gepos" in plaas van **gegooi**? (1)

7.8 Hoe word die woord "verward" (reël 14) beklemtoon? Noem TWEE tegnieke wat die digter gebruik. (2)

7.9 Stem jy saam dat baie kinders gesien het hoe die leerder sy/haar geskiedenisboek verniel het? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

7.10 Watter houding het die leerder in die eerste 19 reëls teenoor die skool gedemonstreer? (1)

7.11 "het meneer weggedraai" (Reël 19)

Dink jy die onderwyser het reg opgetree deur weg te draai? Motiveer jou antwoord. (1)

7.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (7.12) en die letter (A–D) neer, bv. 7.12 E.

In reël 13–15 is daar ŉ voorbeeld van …

A klanknabootsing.
B ŉ vergelyking.
C ŉ metafoor.
D personifikasie. (1)

7.13 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat aandui dat die spreker lank oor die skoolverlater se optrede nagedink het. (1)

7.14 Noem TWEE dinge waarna die woord "dit" (reël 21) kan verwys. (2)

7.15 Kan jy met die skoolverlater in die gedig identifiseer? Verduidelik jou antwoord. (1)

**EN**


EASTERN CAPE

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die hanswors – SJ Pretorius**

Oor sy afsigtelike boggel
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in ŉ hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
ŉ brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk en drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het ŉ brief gekom eendag ...
Hy't oor die bed gebuk, verblind,
terwyl ŉ boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ..."

7.16 Voltooi die sin.
Hierdie hanswors het in ŉ ... gewerk. (1)

7.17 Watter negatiewe effekte het die "afsigtelike boggel" (reël 1) op die hanswors se lewe gehad? Gee TWEE feite. (2)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (7.18) en die letter (A–D) neer, bv. 7.18 E.

In versreël 3 word die woord "bitterder" ... gebruik.

A letterlik
B ironies
C figuurlik
D sarkasties (1)


EASTERN CAPE

7.19 Haal 'n WOORD uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die mense die hanswors geterg het. (1)

7.20 Kies die woord uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.20.1–7.20.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.20.5 F

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.20.1 | Die ... het waardering vir talent getoon. | A | sirkusbaas |
| | | B | moeder |
| 7.20.2 | Die … was bevooroordeeld. | C | hanswors |
| 7.20.3 | Die … was net gefokus op wins. | D | kollegas |
| 7.20.4 | Die … is verstoot en beskinder. | E | skare |

(4 x 1) (4)

7.21 Wat het die hanswors maandeliks by die poskantoor gedoen? (1)

7.22 "Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?" (Reël 7–8)

7.22.1 Wat was fout met die hanswors se klere? (1)

7.22.2 Wat het die hanswors met sy geld gedoen? (1)

7.23 "die dood uittart, en, <u>k</u>lein <u>k</u>abouter," (reël 18)

Benoem die onderstreepte halfrym. (1)

7.24 Haal 'n VERSREËL aan wat aandui dat die hanswors hartseer oor die nuus van sy ma was. (1)

7.25 Gee 'n voorbeeld van ironie uit die hanswors se lewe. (2)

7.26 Stem jy saam dat mense in die alledaagse lewe ook teenoor mense met gebreke optree soos die sirkusmense teenoor die hanswors? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

7.27 Watter lewensles kan jy uit hierdie gedig leer? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou